

6 Desember

Skrifgedeelte: Psalm 145

Fokusgedeelte: Psalm 145:13

U koningskap is 'n koningskap vir alle tye!

Regerings kom en gaan. Koninkryke staan op en kom tot 'n val. Verwagtinge oor wat nuwe regerings kan bring, staan teenoor teleurstellings van wat realiseer. Alles spel een groot werklikheid: dinge op aarde vergaan. Daar is niks wat blywend is nie. Omdat die mens verganklik is, is dinge wat deur hom geskep word sonder vastigheid.

Daarom hunker die mens na iets beter as mensgemaakte strukture. Vir 'n kort tyd van die lewe is sommige tevrede met losbandigheid wat vir 'n dag of drie hou. Op daardie stadium soek jy meer na verandering en steur jy jou nie aan dinge wat blywend is nie. Maar gou besef jy dat verandering nie ewige waardes kan vervang nie. 'n Huis wat nuwe verf of 'n nuwe dak kry, kan nie sonder die fondament van vroeër nie.

Kennis van die ware en enigste God is 'n seën. Wie sonder Hom leef, dobber op 'n stormagtige see, soos 'n boot sonder anker. Die Here God is 'n ewige wese. Psalm 145 sing: "U koningskap is 'n koningskap vir alle tye (eeue), u heerskappy strek oor die geslagte heen." Moenie hierdie kennis in 'n brandkluis toesluit nie! Die wêreld het dit nodig. Maar nog belangriker, God wil Homself aan die wêreld bekend maak. Hy doen groot dinge, maar almal sien dit nie raak nie. Hy is 'n ewige wese, maar almal ken Hom nie so nie.

Teenoor valse godsdienste, asook 'n anti-godsdienstigheid, wat in ons gemeenskappe leef, skenk God hierdie ewige, troosvolle waarheid. Ons is sy mondstuk. Onthou jy nog Jesus se belofte met sy hemelvaart? "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matt. 28:20) 'n Onbeskryflike geborgenheid, 'n langdurige vrede, 'n vaste hoop vir die toekoms, 'n onoortreflike vreugde is die gawe van ons ewige Koning aan elkeen wat Hom dien.

Sing: Psalm 145-1:8, 12

Dr. WC (Callie) Opperman (Windhoek-Suid)